# Die *community* raak weer 'n family

**Kevin Ehrenreich van Reigerpark aan die Oos-Rand het kykNET oorreed om van vanaand 'n reeks dokumentêre programme oor die bruin gemeenskap in dié deel van die wêreld uit te saai. Hy het sy storie, en dié van sy gemeenskap, aan Jo-Ann Floris vertel.**

Kevin Ehrenreich *smaail* in Afrikaans. En hy *laaiks* dié ding dat die bruin mense, wat eers een groot familie was, maar toe bietjie opgeneuk is deur verskuiwings en goete, nou weer 'n familie raak.

Trotser oor die taal en die bruin mense wat dit praat, gaan 'n mens moeilik kry.

"Die taal is in die hande van dié wat dit praat. Kom vertel vir my mense dat Afrikaans 'n toekoms het, maar vertel dit in die Afrikaans wat hulle verstaan."

'n Droom is besig om voor Kevin se oë te ontvou – dié dat dertien episodes wat vertel van die bruin kultuur, die soet en die suur, deur kykNET verfilm word.

Hy het vir jare met die gedagte rondgeloop en met die bekendstelling van kykNET 'n *gap* gesien en sy storie gaan smous. Van vanaand word die soetsuurstorie van die bruin gemeenskap vertel, met sy vertrekpunt in Reigerpark.

Die storie loop die pad van 'n gemeenskap wat kén van oppak en trek net oorlat die regering só besluit het.

'Bruin mense se kultuur is eie aan hulle. Taal en kultuur is nie vir ons twee verskillende goed nie.

'Dis soos ons lewe, kerk toe gaan, in die huis baklei, soos ons die Here dien en bid. Ons sukses as bruin mense draai om die taal – hoe ons *communicate* in Afrikaans.

"Met alle respek, tsotsi's is van ons grootste taalbouers: *'Daai cherry het my gemesmeraais.'*

"Kyk net nou die dag, met die storie oor *Yizo Yizo*," sê Kevin.

"Ons is besig om *scenes* te verfilm en die een ou staan so nader en sê: 'Julle worry oor *Yizo-Yizo*, *check* 'ie *cameras* hiesa-hiesa (hierso).' Hoe kan iemand nou vir my sê daai ouens is nie *witty* nie.

"Ons is 'n klomp *happy* Boeshies (kleurlinge) wat *likes* om te paartie en weer te paartie, maar altyd is die omgee daar vir die *community* se behoeftes."

Ja, die Kevin ís 'n kleurvolle karakter. Nie met enige *hang-ups* in die lewe nie, maar met 'n missie om sy mense terug op die *map* te sit.

Hy het in Benoni grootgeword, totdat hulle oor die Groepsgebiedewet Reigerpark toe moes trek.

"Die goudrif, dis nou van Alra Park hier in die ooste tot by Toekomsrus in Randfontein. Oral soos doodskoetse lê mynhope, en dis hier waar die bruin *townships* staangemaak is.

"Die buurte het nogals almal net so drie uitgange gehad, seker om die mense maklik te *contain*."

Pen en papier het gehelp dat Kevin sin kon maak uit 'n lewe wat allesbehalwe sin gemaak het.

Hy het sy eerste verhoogdrama al op skool geskryf. Die naam kan hy nie meer onthou nie, maar wel dat Andrew le Roux, nou waarnemende ambassadeur in Nederland, dit nog opgevoer het.

Nóg 'n toneelstuk, *Gatiepie sien sy gat*, het in 1999 by die kunstefees in Grahamstad groot lof ingeoes.

Kevin onthou ook van al die bekendes wat uit sy skool gekom het – dieselfde skool wat moes sluit op die dae dat die wind te erg gewaai het. Omdat hulle agter die mynhope was, het al die los sand daar ingewaai.

"Sien, die dak van die asbes-skool (Oos-Rand Sekondêre Skool) was vol gate. Een dag dan het ons geëet brood en *jam*, die ander dag *jam* en brood en die derde dag *jam*, brood en sand."

Tog het die skool prominente sakelui, medici en skoolhoofde opgelewer. Dieselfde skool waar hulle in die winter sit en bibber het van die koue.

"Party klasse was *lucky*, dié waar die kinders genoeg geld gebring het om 'n sak kole te koop, dan kon hulle die klein stofie in die hoek brandmaak."

Nou onthou hy ook van sy pa, Martin, sy *ultimate idol*.

"Hy het vir sestig jaar ononderbroke onderwys gegee. Destyds het hy die Paarl, sy tuisdorp, agter gelos vir die droër Transvaalse weer en om hy hier twee pond meer betaal is.

"Hy was liefdevol, maar stréng."

Dit was ook sy pa wat vir hom respek vir ander mense geleer het, al was dit op die harde manier. Hulle twee was eendag op pad na 'n konsert toe hulle Kevin se skoolhoof raakloop.

"Ek het hom gegroet, maar my pa het my nie gehoor nie. Toe kry ek 'n dwarsklap dat die bos blomme wat ek gedra het, dáár trek. Ek moes om verskoning vra vir my ongeskiktheid en kliphard die hoof groet, toe is my pa eers *happy*."

Dit is dié stories wat nou lyf gaan kry op die televisie.

Ook die *anties* van die buurt. "Hulle is die bek-koerante – vinniger as die FBI, die internet en CNN.

"Kyk, as 'n ou hier met iemand stry optel, teen die tyd dat die storie onder by die flatse aankom is die man al klaar dood – hy weet dit net nog nie self nie!

"Maar dis dieselle *anties* wat sorg vir die biduur as daar siekte of dood is, wat nooit leë hande kom kuier nie."

Die groot rol wat geloof speel, kom ook na vore in die televisiereeks.

"'n Paar jaar gelede was hier 88 denominasies in Reigerpark, nou is daar al oor die 100. Op Sondae is net gesangboeke en Bybels waar jy kyk.

"In elke straat woon iemand wat 80 jaar en ouer is. En vra mens hoekom lewe hulle so lank, sê hulle deur die bank dis omdat die Skepper so goed is vir hulle."

Kevin is die eerste wat erken dat daar baie negatiewe dinge is wat 'n mens oor die bruin gemeenskap kan sê. Sy probleem is dat die positiewe dinge, wat verreweg die swaarste weeg, nooit vertel word nie.

"Dís wat ek vir almal daar buite wil wys met dié reeks. Ons is nie 'n plêstiek *community* nie. Ons het iets wat niemand anders het nie.

"Ons is die 'koppie suiker oor die *fence-community*', niemand in Reigerpark gaan honger slaap terwyl daar buurmense is wat kan help nie.

"Dis die mense wat van skool af geleer is mens mors nie jou brood nie, as jy dit wil weggooi maak jy 'n kruisie op die grond en sit dit daarop neer sodat die Here jou nie moet straf nie."

"Die bruin gemeenskap skree ten hemele vir leiers – nie politieke leiers nie, maar mense wat die gemeenskap kan vorentoe vat," is een van Kevin se hulpkrete.

So beur Kevin voort om die storie van bruin mense te vertel. Nie net in Reigerpark nie, maar mense van oral.

Want dis dieselfde mense, die wind het hulle net na 'n ander plek gewaai en daar gelos.



**Kevin Ehrenreich – hy ken die mense agter die mynhoop.** Foto: kykNET

## kykNET wys mense agter die mynhoop

Die bruin mense van Reigerpark, duskant Boksburg, word nou al jare lank agter mynhope weggesteek. Maar van vanaand af gaan kykNET soos 'n Klara Viljee die sand kruiwa vir kruiwa wegry.

*Agter die mynhoop*, wat Woensdae om 21:15 uitgesaai word, is 'n uitsonderlike dokumentêre reeks wat dié mense wat so lank stil gehou is, weer 'n stem gee.

Die kameras volg oor die 13 episodes heen een van die kleurrykste karakters van Reigerpark – Kevin Ehrenreich.

Met sy lang grys vlegseltjie en bruin leerbaadjie waarop 'n tier gevaarlik pryk, het hy verlede jaar by kykNET opgedaag met 'n programvoorstel wat sou wys "wie en wat die lanies, boeshies, darkies, tsotsi's en ooms en anties van Reigerpark rêrig is".

Soos baie ander, is Ehrenreich en sy gesin in die sestigerjare teen hul sin agter die mynhope hervestig. *Agter die mynhoop* is die eerste dokumentêre program oor 'n bruin woonbuurt in Gauteng.

Dit sal alle stereotiepe sienings oor bruin mense probeer dekonstrueer, maar steeds die soet en suur van gister en vandag wys. Ehrenreich gaan kykers voorstel aan al die interessante mense, plekke en gebruike wat Reigerpark Reigerpark maak.

Daar is byvoorbeeld Excuse Me Please, wat sy naam gekry het toe 'n man nie sy huis se venster kon oopmaak nie, omdat sy buurman se venster reeds oop was.

In M.M – oftewel Ma se Moer – is daar oor naweke groot huismoles omdat die alkohol so lekker vloei, maar in Church Valley gaan dit darem rustiger. Kykers gaan ook alles uitvind oor die mense van Little-Germiston, Popcorn Valley en Hier en Daar.

Daar is veral drie instellings in Reigerpark wat sorg dat inligting mooi versprei: die kerk, die langarmdanse en Lientjie se Haarkappersalon.

